Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 7, Nr 4, 1977. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE WARSKOU-DEBAKEL (MET SPESIALE VERWYSING NA DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG SE ROL)

LT A. E. VAN JAARSVELDT

**By the summer of 1944 it was evident that the Allies were not to be denied their triumph in Europe. The approach of victory, however, created its own problems. Soviet assistance was highly valued by the Western Allies but it was becoming evident that they and the Soviet Union differed sharply over the new order to be imposed on the post-war world. This coolness between East and West was particularly marked in Poland.**

**In Poland, Allied successes had strengthened the three separate resistance movements which had developed during the course of the war. The most effective of the three was the Home Army, formed in 1942, which owed its allegiance to the London-based Polish Government-in-exile with its pro-Western sympathies. A second resistance movement, the People's Army, had been launched by the Polish Communist Party in 1943. Although limited in size and effectiveness, it would provide a useful political instrument for the Soviets during the later stages of the war and in the post-war re-organisation.**

**Since the beginning of the German occupation, the leaders of the Polish resistance had dreamed of a national rising, the so-called "Big Scheme", whereby the Poles would rise and free themselves. Requests to launch such an operation were continually postponed by the Allies due to pressure on other war theatres, but by mid-1944, with the extraordinary progress made by the Russians in their advance from the east, it seemed feasible that such a rising could succeed.**

**On 1 August 1944 the Home Army under General Bor-Komorowski rose, and within the hour the whole city of Warsaw had followed suit. Despite immediate successes it was soon evident that large quantities of supplies would be needed if the resistance fighters were to have any chance of holding their own against the local German units. They immediately requested supplies from London and although the British Government was not able to comply with all their demands, it did consent to support the rising by dispatching 60 tons of supplies. It was one thing to supply resistance forces in open country, but something entirely different to drop containers from a low altitude in the middle of a large city, in the midst of a battle, some 1 750 miles from the aircraft's home base. Air Marshal Slessor, commanding the British air forces in the Mediterranean, refused to regard the proposed flights as constituting a reasonable operation of war, and pressed his Government to approach the Russians, who would find aerial supply a relatively easy matter. The Soviet High Command, however, refused, branding the rising as merely opportunist and irresponsible. The whole task of delivering the supplies consequently fell to the Western Allies.**

**In order to increase the number of sorties to Warsaw, 205 Group, Royal Air Force was asked to divert some of the Liberators of 31 Squadron, South African Air Force, and of 178 Squadron, Royal Air Force, from their missions over southern France. On the night of 12 August the first large-scale airlift was flown to Warsaw. While this operation was regarded as successful, follow-up operations were, however, so disastrous that they could scarcely be sustained.**

## Die val van Pole in 1939

Op 1 September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek toe Duitsland Pole binneval en in 'n japtrap oorrompel. Die verowerde staat is daarna gedeeltelik by Duitsland ingelyf terwyl die oostelike gedeeltes daarvan onder Russiese beheer (Duitsland se mede-invaller) geplaas is.[1] Vir alle praktiese doeleindes het die daad, wat teenstrydig was met die internasionale regsbepalings ten opsigte van gebiede wat gedurende oorlogsomstandighede beset word, Pole se bestaan as 'n onafhanklike afsonderlike staat, beëindig.

Die nasionale bewustheid van 'n staat se burgers is 'n faktor wat hom nie maklik laat voorskryf of smoor nie. Reeds vanaf die aanvang van die Duitse okkupasie het die begeerte na 'n toekomstige vrye en onafhanklike Pole, ontbrand. Hierdie droom of begeerte het aanleiding gegee tot sabotasie-aanslae wat daarop gemik was om die Duitse oorlogspoging in die wiele te ry. Daarby het die individuele pogings tot verset ook meegewerk om die volk hegter te bind — só heg dat selfs 'n geheime leër in Pole self op die been gebring is. Sodoende is die volk se

1. J. Garlinski: *Poland, SOE and the Allies*, (London, 1969), p 85.

daadwerklike verset gekanaliseer in 'n behoorlike organisasie. Die vernaamste beweegrede tot die oprigting van die ondergrondse leër was dan ook om 'n nasionale opstand op so 'n wyse te organiseer, dat dit vir Pole moontlik sou wees om homself van die vreemde oorheersers te bevry. Die bevrydingsoperasie, bekend as die 'Big Scheme' was die leër se uiteindelike mikpunt terwyl sabotasie-aanslae slegs as tydelike maatreëls beskou was en dus van sekondêre belang.

Die Poolse versetbeweging was egter geskoei op interne politieke verskille. Vanuit die staanspoor was daar drie duidelik onderskeibare versetbewegings wat gekenmerk was deur politieke aspirasies. Daar was die regsgesinde *Naradowe Sily Zbronje* of 'National Armed Forces', die *Armia Krajowa* beter bekend as die 'Home Army' of die ondergrondse leër wat reeds in 1942 tot stand gekom het, en die linksgesinde Volksleër.[2] Laasgenoemde is in 1943 deur die Poolse Kommuniste Party gestig en het die steun van Sowjet-Rusland geniet. Die *Armia Krajowa* het egter die grootste aanhang geniet en is deur die vier belangrikste politieke partye in Pole gesteun.[3] Verder was laasgenoemde in noue kontak met die Poolse regering, wat in bannelingskap in Londen verkeer het. Die noue skakeling en samewerking is moontlik gemaak deur die feit dat ten spyte van Duitse beheermaatreëls, die Pole 'n doeltreffende geheime radio-kommunikasiestelsel beheer het.[4] Op die wyse was beide partye op hoogte van verwikkelinge in Pole en elders. Oorlogsberigte wat op dié manier in Pole ontvang is, is dan gebruik en feitlik daagliks vir propagandadoeleindes onder die Poolse publiek versprei. Daardeur is die volk se verset tot so 'n mate gestimuleer dat beplanning ten opsigte van die bevryding van Pole, reeds so vroeg as Oktober 1942 aan die Geallieerde Magte voorgelê is. Laasgenoemde was egter op daardie stadium gekonfronteer met talle probleme op ander fronte. Gevolglik is Operasie 'Big Scheme', dit is die bevryding van Pole, op versoek van die Geallieerdes tydelik op die agtergrond geskuif. Intussen is versoek dat die Poolse versetbewegings die Geallieerdes se oorlogspoging daadwerklik steun met die voortsetting van hulle sabotasieaanslae. Daar die suksesvolle uitvoering van Operasie 'Big Scheme' van Geallieerde steun afhanklik was, het die Poolse leiers geen ander keuse gehad as om in te stem nie. Duitse sukses in daaropvolgende jare het daartoe bygedra dat die Poolse onafhanklikheidstryd teen 1944 nog nie besleg was toe die Russiese opmars 'n nuwe bedreiging geword het nie.

**Russiese bedreiging**

Hoewel die Sowjet-magte op 17 September 1939 as Duitse bondgenoot Pole binnegeval het, was hulle samewerking van korte duur. Die Stalin-Hitlerbondgenootskap was, soos iemand dit treffend gestel het, 'at best a *mariage de convenance*, little love or trust was squandered by either partner on the other'.[5] Hierdie wankelrige vriendskapsbande is finaal beëindig toe Duitsland Rusland op 22 Junie 1941 binnegeval het. Soos Napoleon van ouds kon Hitler, sy mobiele krygskuns ten spyt, nie daarin slaag om die steeds retirerende Russiese magte te verslaan nie. In werklikheid moes Hitler heelwat voorrade en manskappe wat elders aangewend kon word, inboet. Terselfdertyd het sy optrede ook 'n gemeenskaplike basis vir samewerking tussen Rusland en die Geallieerdes geskep. Brittanje het die geleentheid benut ofskoon Russiese voorwaardes die Weste aanvanklik in die verleentheid geplaas het.

Een van die voorwaardes wat Rusland in die ooreenkoms omskryf wou hê, was naamlik die erkenning van Rusland se grense soos dit in 1939 vasgestel was. Rusland het dus aanspraak gemaak op (en sodoende Westerse erkenning geëis van) gebiede wat hy as Duitsland se bondgenoot beset het. Dié gebiede het onder andere die oostelike provinsies van Pole ingesluit.

Rusland se eise het Brittanje in 'n moeilike posisie geplaas, veral weens sy verbondenheid aan Pole. Duitsland se aanval op Pole

---

2. J. Ehrman: *Grand Strategy, Volume V, August 1943 — September 1944* (London,1956), p 370 in J.M.R. Butler (red): *History of the Second World War. United Kingdom Military Series;* J. Garlinski: *op cit,* p 13. *cit,* Vol 5. J. Garlinski: *op cit,* p 13.
3. L. Woodward: *British Foreign Policy in the Second World War,* (London, 1962), p 251.
4. A.J.P. Taylor (red): *History of World War II,* (London 1974), p 174. Hoewel die inhandiging van radio's een van die eerste maatreëls was wat die Duitsers ingestel het, was die versetbewegings teen 1939 reeds tot so 'n mate georganiseer dat die Pole uitsenders reeds kon verberg en in die geheim opereer.
5. R. Albrecht — Carrié: *A Diplomatic History of Europe,* (London, 1970), p 544.

was juis een van die vernaamste redes wat tot Brittanje se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog aanleiding gegee het. Boonop het die Poolse bannelingregering op daardie stadium in Londen tydelik asiel bekom — 'n teken van die goeie gesindheid wat tussen die twee state geheers het.

Na vele onderhandeling het Brittanje toegegee en die Russiese aansprake aanvaar, veral omdat Rusland se hulp aan die Geallieerdes as onontbeerlik beskou is. Verder is ook in gedagte gehou dat Rusland, wanneer hy sy beplande offensief vanuit die ooste teen Duitsland loods, juis dié gebiede waarop hy aanspraak gemaak het, opnuut moes verower om hulle van Duitse oorheersing te bevry. Dit sou daarna vir die Weste bykans onmoontlik wees om hom te beweeg om die gebiede te ontruim sonder om verdere geweldpleging te ontlok. Daarom is besluit om toe te gee maar om terselfdertyd te probeer om die Russiese aansprake te beperk — veral met betrekking tot die Poolse grondgebied.[6]

Onderhandelinge tussen die Poolse regering in Londen en Russiese gesante het hierna gevolg. Tydens die samesprekings kon geen ooreenkoms oor 'n grenslyn bewerkstellig word nie. Daarom is Pole se oostelike grens nie in die verdrag wat uiteindelik tussen die twee state gesluit is, omskryf nie.

## Die Pools-Russiese grenskwessie

Net soos in Afrika is interstaatlike grense in Oos-Europe deur die eeue heen dikwels verander. Die veranderings hang nou saam met interne politieke woelinge of eksterne uitbreidingsaspirasies. Voortdurende grensverskuiwings was sedert die totstandkoming van die Poolse staat aan die orde van die dag; sóveel so dat, toe die status van Pole in 1919 met die Vrede van Versailles bepaal is, die gebied nie duidelik afgebaken kon word nie eenvoudig omdat die bestaande ongedefinieerde grense geen praktiese rigsnoer vir sodanige beplanning was nie.

Pole het egter nie by hierdie verdeling berus nie en was kort hierna weer in 'n grensoorlog met Rusland betrokke. Na die uitbreek van Wêreldoorlog II, het Rusland aangedring op die 1939 verdeling, soos deur Duitsland en Rusland bepaal. Dié verdeling het suiwer Poole gebied in die noorde onder Russiese jurisdiksie geplaas en die Poolse regering het derhalwe geëis dat Pole soos dit voor die uitbreek van die oorlog afgebaken was, herstel moes word.[7] Hierdie uiteenlopende opvattings het tydens die Russiese opmars 'n krisis bereik.

## Rusland — vriend?

Dit is te betwyfel of Rusland in 1942, toe hy deur die invallende Duitse magte bedreig was, selfs onder protes aan die Poolse grensaansprake gehoor sou gegee het. Teen 1943 het die situasie egter verander en was Rusland in so 'n mate begunstig dat hy in 'n posisie was om beleid te dikteer en om transaksies in sy guns te beklink, soos dit dan ook in die geval van Pole gebeur het.

In April 1943 het die Poolse generaal, Wladyslaw Sikorski, wat terselfdertyd Eerste Minister en bevelvoerder van die Poolse magte was, die Britse Eerste Minister, mnr W.S. Churchill, gekonfronteer met 'n beskuldiging dat Russiese magte Poolse offisiere en manskappe by Katyn (wat naby Smolensk is) om die lewe gebring en in 'n massagraf begrawe het. Stalin het die aantyging verwerp as 'n Duitse versinsel om onmin onder die Geallieerdes te saai, maar was desnieteenstaande nie bereid om die Internasionale Rooi Kruis toe te laat om die aanklag te ondersoek nie.

Die Poolse beskuldiging — wat nie ongegrond was nie omdat alles daarop gedui het dat Rusland vir die massamoord verantwoordelik was — het egter aan Stalin die unieke geleentheid gebied om sy betrekkinge met Pole te vertroebel, sodat dit sou voorkom asof Pole die sondebok was. Churchill se pogings om 'n détente[8] te bewerkstellig was tot mislukking gedoem want Stalin was vasbeslote om betrekkinge met Pole te verbreek. Laasgenoemde se onbillike eis dat die Poolse regering in die openbaar moes erken dat Duitsland vir die gruweldaad verantwoordelik was en nie Rusland nie, het die vir die Poolse regering moeilik gemaak om toenadering te soek.[9]

---


6. L. Woodward: *op cit*, p 194.
7. *Ibid.*
8. *Ibid.*
9. A.J.P. Taylor: *op cit*, p 218.



*Genl Sikorski — Poolse Eerste Minister van die Poolse regering in bannelingskap en opperbevelvoerder van die Poolse magte gedurende die Tweede Wêreldoorlog, in gesprek met die Britse koning George VI.*

Stalin was nie tevrede om net betrekkinge met Pole te verbreek nie. Hy het begin aandring op veranderinge in die struktuur van die Poolse regering in bannelingskap. Hy het gemeen dat die regeringsopset, soos dit toe daar uitgesien het, nie verteenwoordigend van die Poolse volk was nie. Sekere sogenaamde 'demokratiese organisasies' in die Verenigde State van Amerika, Sowjet-Rusland en Brittanje was, na sy mening, nie verteenwoordig daarin nie.[10] Hy het ook die regering as 'n 'émigré Polish Government, isolated from its people' beskou en hulle verwyt dat hulle nie opgewasse was om aktiewe weerstand teen die Duitsers in Pole te kon organiseer of om betrekkinge met Rusland te herstel nie.[11]

Die skielike dood van generaal Sikorski in 'n vliegramp op 4 Julie 1943 het meegewerk om Stalin se oogmerke te bevorder. Sikorski, die man wat die voortbestaan van 'n vrye Poolse regering bewerkstellig het, was 'n puik en voortreflike staatsman wat oral vertroue ingeboesem het. Sy opvolger, Stanislaw Mikolajczyk, sou ietwat in sy skadu staan. Hy was nie bevoeg om dieselfde mate van gesag as sy voorganger af te dwing nie. Boonop het sy uitgangspunt met dié van generaal Kazimierz Sosnkowski, wat as nuwe bevelvoerder van die Poolse magte aangestel is, gebots. Sosnkowski was naamlik téén samewerking met Rusland terwyl Mikolajczyk meer gematig in sy houding was.



*Sikorsky oorhandig medaljes aan lede van die Poolse vleuel van die Britse Lugmag tydens die Tweede Wêreldoorlog.*

## Sukses op die Oosfront

Op 23 Junie het die Russe hulle 1944-someroffensief van stapel gestuur. Op daardie stadium was die Geallieerde magte reeds besig om stadig maar seker die oorhand oor die Spilmoondhede te behaal. Daar was reeds suksesvol teen hulle in Afrika opgetree terwyl pogings om die Duitse houvas in Europa te verbreek, al 'n aanvang geneem het. Die geslaagde invalle in Normandië en Italië het waardevolle vastrapplekke aan die Geallieerde magte se offensief in die

10. A.J.P. Taylor: *op cit,* p 218.
11. L. Woodward: *op cit,* p 278.

suide gebied, terwyl Rusland hierna vanuit die ooste druk sou uitoefen.

Vanweë die druk op alle fronte, was dit vir die Duitse magte bykans onmoontlik om wal te gooi teen die Russiese offensief. Die Sowjet-magte het soos 'n vloedgolf vanuit die ooste die Duitse magte voor hulle weggevee. Teen Julie 1944 is nie net die Duitse magte in Rusland self onderwerp nie, maar ook die noordoostelike dele van Pole binnegedring. Opvolgingsaanvalle gedurende Julie het die Duitse weerstand nog verder verbrokkel en die Russiese maarskalk Konstantin Rokossovsky het op 24 Julie 1944 Lublin, wat ongeveer 48 km van Warskou (die Poolse hoofstad) geleë is, beset. Vanaf Lublin het hy in 'n suidoostelike rigting na Praga ('n voorstad van Warskou) opgeruk.

**Spanningsvolle 1944**

Die tempo waarteen die Duitsers deur die Russe teruggedryf is, het die Poolse regering in 'n moeilike posisie geplaas. Aan die een kant het dit Poolse bevryding van Duitse oorheersing geïmpliseer maar aan die anderkant het hulle hul nie blindgestaar teen die feit dat die verwikkelinge bloot net 'n verwisseling van oorheersers kon beteken nie. Hoewel Rusland nie vroeër openlik sy oogmerke om Pole te oorheers te kenne gegee het nie, was sy intensies reeds in 'n groot mate deur sy volgehoue ontkenning van die Poolse regering in bannelingskap, gesuggereer. Die Russiese inval in Pole — voordat diplomatieke betrekkinge tussen die twee herstel kon word — het derhalwe niks goed vir Pole voorspel nie.

Namate die Russiese magte nader aan Warskou beweeg het, het die Russiese mikpunt, naamlik om Pole te domineer en sy grense te verander,[12] al hoe duideliker begin deurskemer. In Julie 1944 het Stalin dan ook verklaar dat die Russiese magte in hul opmars oor Poolse gebied nie groepe of organisasies in Pole self aangetref het wat in staat was om die administrasie van die gebied te behartig nie. Die ondergrondse leër, wat deur die Poolse regering vanuit Londen bestuur is, was volgens Rusland sonder enige noemenswaardige invloed.[13] Daar Rusland nie self die oorlogtydse administrasie van die gebied wou behartig nie, is besluit om kontak te maak met die kommunisties georiënteerde 'National Council of the Homeland',[14] wat na Stalin se mening die enigste instansie was wat daartoe instaat was.

Op 21 Julie 1944, dit wil sê twee dae voordat Stalin sy 'bevinding' bekend gemaak het, het die 'National Council of the Homeland' stappe gedoen om administrasie moontlik te maak. 'n Reeks dekrete is uitgevaardig wat die komitee in staat gestel het om die oppergesag van al die kommunisties-geörienteerde Pole te bekom sodat 'n 'Committee of National Liberation' in die lewe geroep kon word om die administrasie van Pole te behartig. Die komitee het verder verklaar dat die Mikolajczyk-regering in Londen 'an illegal and self-styled authority'[15] gemik op die belemmering van enige doelgerigte verset teen die Duitsers was. Verder is verklaar dat wat die komitee se onmiddellike taak betref, daar gepoog sou word om 'n defensiewe verbond met al die Slawiese state te sluit. Sake rakende die oostelike Poolse grenslyn sou by 'n latere geleentheid beslis word.

Dit is te verstane waarom Stalin nie op hom laat wag het om die komitee as Pole se regmatige regering te erken nie. Hy sou voortaan kon voorgee dat hy hom nie met Pole se interne aangeleenthede bemoei nie — dit sou kwansuis die taak van die Lublin Pole[16] wees — maar kon in werklikheid die linksgesinde komitee se werksaamhede deeglik beïnvloed.

Die Britse Eerste Minister het die neteligheid van so 'n situasie dat Brittanje en die Verenigde State van Amerika wat een liggaam steun as Pole se wettige regeerders en Rusland 'n ander, terdeë besef. In die praktyk sou dit dus moontlik wees om tot 'n kompromis oor sekere aangeleenthede rakende Pole te kom, maar wat die uitvoering van besluite betref was daar geen erkende gemeenskaplike beherende instansie wat toesig daaroor kon hou nie. Churchill het ook besef dat Stalin die situasie tot Rusland se voordeel

12. Genl De Gaulle: *War Memoirs. Unity 1942 - 1944,* (London, 1959), p 209.
13. L. Woodward: *op cit*, p 298.
14. Die komitee wat in Desember 1943 opgerig is, het voorgegee dat hy hom vir die daarstelling van 'n gekonsolideerde nasionale versetbeweging beywer het. In werklikheid was die beweging vanweë sy linksgesinde natuur, net gerig tot die kommunistiesgesinde Pole.
15. L. Woodward: *op cit*, p 196.
16. *Ibid*, Vol 3, p 224.

sou uitbuit. Gevolglik het hy Mikolajczyk aangemoedig om persoonlik met Stalin oor die daarstelling van 'n algemeen erkende Poolse regering te onderhandel. Mikolajczyk het ingestem en op 26 Julie 1944 na Moskou vertrek.

Tot op hierdie stadium het beide Brittanje en die Verenigde State gehoop dat 'n vrye onafhanklike Poolse staat geskep kon word wat goeie betrekkinge met sy buurman, Rusland, sou kon handhaaf. Stalin het hierdie doelwit gesteun maar die 'vrye' Poolse staat wat hy beoog het, sou heelwat verskil van dié van die ander twee moondhede.

## DIE OPSTAND IN WARSKOU

### Aanloop


Hoewel Stalin sy intensies nooit vooraf bekend gemaak het nie, het sy ongenaakbare houding jeens beide die Poolse regering en die ondergrondse leër daarop gedui. Derhalwe, toe die voorhoede van Rokossovsky se magte hulle opwagting in die Poolse hoofstad se voorstede gemaak het, is in Warskou besluit om Operasie 'Big Scheme' van stapel te stuur.

Hierdie besluit is eenparig geneem tydens 'n vergadering waarop al die politieke groeperinge verteenwoordig was. Verskeie faktore was hiervoor verantwoordelik. Wat die ondergrondse leer betref, sou hulle indien hulle nie in opstand kom nie, alle ammunisie en voorrade wat gedurende die okkupasietydperk met veel moeite versamel is, moes ontruim, omdat daar geen twyfel bestaan het dat die Duitsers Warskou sou vernietig in 'n poging om die Russiese aanmars te vertraag. Dit sou vir hulle fisies uiters moeilik wees om die voorrade in so 'n kort tydsbestek te verwyder sonder om die Duitsers se agterdog te wek.

Die politieke en ideologiese redes het egter die swaarste opgeweeg vir die neem van genoemde besluit. Stalin se verklaring dat daar geen teken van georganiseerde verset in Pole was en dat die rol en invloed van die ondergrondse leër minimaal was, het die verteenwoordigers by die vergadering verontwaardig gestem en aangespoor om die teendeel te bewys. Daarom wou hulle Warskou self bevry en 'n Poolse administrasie in beheer van sake plaas, voordat die Russiese magte Warskou bereik. Hulle sou dan as 'gashere' die Russiese magte ontvang en verder hulle offensief steun sonder dat die Russe aanspraak kon maak dat hulle die 'bevryders' van Pole was. Pole sou dan nie sy vryheid aan Rusland te danke hê nie maar aan die optrede van sy burgers. Daardeur sou Rusland se regte as 'bevryder' beperk word en die onderlinge verhouding op grond van 'n bondgenootskap berus wat direkte Russiese oorheersing van Pole, uitsluit.

### 1 Augustus 1944

Aangesien die ondergrondse leër net voldoende voorrade en ammunisie vir ongeveer tien dae gehad het, is met die opstand gewag totdat die Russiese magte op die punt was om in Warskou in te beweeg. Op 29 Julie is hulle swaargeskut in die stad gehoor terwyl berigte twee dae later ontvang is wat beweer het dat die Russiese tenks reeds deur die laaste Duitse verdedigingswerke om Warskou, beweeg het. Intussen was Russiese vliegtuie reeds besig om die vliegvelde in die omtrek te bombardeer.



*Genl Bor-Komorowski — bevelvoerder van die Poolse ondergrondse leër tydens die opstand in Warskou.*


Gevolglik op 31 Julie, toe die Russiese magte slegs 10 km van Warskou af was, het generaal Bor-Komorowski, bevelvoerder van die ondergrondse leër, die volgende telegram aan alle eenhede gestuur: '5 p.m. tomorrow afternoon — X'.[17] 'X' was die operasie- of opstandkode terwyl '5 p.m.' 'H-uur' aangedui het. Die spesifieke tyd is gekies omdat die meeste Pole dan onderweg van hulle werksplekke na hulle onderskeie tuistes sou wees en dit die opstandelinge sou pas, want 'the city could be busy with casual unsuspicious movement'.[18] Geen verdere opdragte was nodig nie omdat elkeen presies vooraf geweet het wat hom te doen staan.

Op 1 Augustus om 5 uur namiddag het die ondergrondse leëreenhede in Warskou begin met die operasie en binne 'n uur daarna was die hele stad in opstand. Die geheimhouding van die operasie het daartoe bygedra dat die Duitsers onkant gevang is sodat die ondergrondse leër binne twee dae die hele suidwestelike gedeelte van Warskou (insluitende die brughoofde oor die Vistularivier wat deur die stad vloei) beset het.

### Reaksie in London

Op 2 Augustus is berigte van die suksesvolle opstand in London ontvang. Hoewel die opstand heelwat openbare steun geniet het, het dit die Britse regering in 'n moeilike posisie geplaas. Generaal Bor-Komorowski het boonop by die Geallieerdes om hulp aangeklop. Hy het naamlik versoek dat die Poolse stede Krakau, Lodz asook die vliegvelde in die onmiddellike omgewing van Warskou gebombardeer moes word; dat die Poolse valskermbrigade en vegeskaders wat tydens die oorlog in Brittanje saamgetrek was, in Warskou moes land om deel in die stryd teen die Duitse oorheersers; dat lugbevoorrading wat vroeër in die geheim eskied het, versnel moes word, veral ten opsigte van swaar masjiengewere, anti-tenkwapens, ammunisie en handgranate. Ofskoon Bor-Komorowski verklaar het dat die opstand sonder genoemde hulp sou misluk, kon Brittanje slegs in 'n mate aan die laasgenoemde eis voldoen.

Sir John Slessor, wat beide bevelvoerder van die 'Royal Air Force Mediterranean and Middle East' asook 'Deputy Supreme Allied



*Sir John Slessor, GCB, DSO, MC.*

Commander Mediterranean'[19] was, het die opstandelinge se eise as onbillik en onprakties beskou. In die eerste plek was die genoemde Poolse eenhede reeds bestem vir operasies elders. Verder het Slessor verklaar, 'Any airman could have told them this was fantastic. They seem throughout to have ignored the fact that Warsaw was separated from the nearest Allied air bases by more than 750 miles, almost entirely over enemy-held country; and even if the squadrons had been able to land safely in the Warsaw area, they could not have been maintained in action'.[20] Wat die bombardering van die genoemde plekke betref, het hy dit as onmoontlik vir die Britse langafstandbomwerpers beskou om vanaf Brittanje, waar hulle gestasioneer was, in taktiese operasies in Pole deel te neem. Dit sou egter vir die naby-geleë Sowjet magte maklik wees om die tak-

17. D. Flower en J. Reeves: *The War 1939 - 1945*, (London 1960), p 389. Generaal Bor-Komorowski, wat aanvanklik tweede-in-bevel was in Warskou, het generaal Rowecki opgevolg toe laasgenoemde 'n maand voor die uitbreek van die opstand, deur die 'Gestapo' gearresteer is. 18. *Ibid.*
19. J. Slessor: *The Central Blue*, (Londen, 1956), p 558.
20. *Ibid*, p 614.

tiese aanvalle in Pole uit te voer. Gevolglik is 'n beroep op Stalin gedoen om die opstandelinge te steun.

**Onverwagse stilte op die Oosfront**

Op 29 Julie, toe Russiese artillerie reeds in Warskou gehoor kon word, het Radio Moskou 'n beroep op linksgesinde Pole gedoen om hulle te skaar by die stryd teen die Duitsers. Die berig het gelui dat die tyd ryp was vir die stryd. '(Through) "directive, active struggle" in the streets and houses of Warsaw the "moment of final liberation will be hastened, and the lives of our brethren saved" '.[21] In die berig is egter nie op die vorm van optrede ingegaan of besonderhede verstrek oor die steun wat Pole van buite af sou ontvang indien hulle aan die oproep gehoor gee nie.

Op 1 Augustus, toe Warskou wel gehoor gee aan die oproep is Rusland nie vooraf eers in kennis gestel nie. Gevolglik het hierdie opstand Stalin nie aangestaan nie. Hoewel hy vroeër verset in Warskou bepleit het, was die nie-kommunistiesgeïnspireerde verset nie vir hom aanvaarbaar nie en kam hy dit af as ontydig en die werk van avonturiers. Gevolglik het Stalin geen poging aangewend om die opstandelinge te steun teen die Duitsers wat na aanvanklike teenspoed, herstel het en tot die aanval oorgegaan het nie.

Die werklike situasie aan die oosfront was vir die Geallieerde magte duister. Stalin het wel te kenne gegee dat die opstand die werk van avonturiers was, maar verder verduidelik dat die eintlike rede vir die afwesigheid van Russiese steun te wyte was aan 'n terugslag wat Rokossovsky se magte beleef het. J. Ehrman meen dat die onverwagte halt in die Russiese opmars te wyte was aan die feit dat Rokossovsky se flank naby Warskou onbeskermd en weerloos was. Die Duitsers kon maklik druk daarop uitgeoefen het. Indien die opstand onsuksesvol was, kon druk op dié flank toeneem en anders om.[22] A.J.P. Taylor, die bekende Britse historikus, beweer dat as gevolg van die vinnige opmars oor 750 km 'they had outrun their supplies, particularly as all the railways had to be changed to the broad gauge'.[23] Wat laasgenoemde beweging betref, strook dit nie met wat B.H. Liddel-Hart tydens sy gesprekke met Duitse generaals vasgestel het nie. Generaal Mantauffel het — terwyl hy in bevel van 7 Pantserdivisie was — opslae gemaak met die uitvoering van strooptogte op die Russiese agterhoede. Sy ervaring met hierdie tegniek was, 'it was handicapped by the Russians' lack of independence on a normal system of supply — I never met any supply columns on these "interior" raids — but I caught staff and signal centres besides striking bodies of troops in the back.'[24] Volgens Manteuffel 'the advance of a Russian Army is something the Westerners can't imagine. Behind the tank spearheads rolls on a vast horde, largely mounted on horses. The soldier carries a sack on his back, with dry crusts of bread and raw vegetables collected on the march from the fields and villages. The horses eat the straw from the house roofs — they get very little else. The Russians are accustomed to carry on as long as three weeks in this primitive way, when advancing. You can't stop them, like an ordinary army, by cutting their communications, for you rarely find any supply columns to strike at'.[25]

Hoewel beide Taylor en Ehrman se gevolgtrekkings nie ongegrond is nie, is dit tog in die lig van Manteuffel se bevindings nie onwaarskynlik dat Stalin vanuit die staanspoor besluit het om die opstandelinge aan hulle lot oor te laat nie.

Dat die Poolse regering die situasie nie oordeelkundig benader of gehanteer het nie, kan wel in Rusland se guns toegegee word. Dit was te wyte aan die feit dat daar nie so 'n hegte skakeling tussen die ondergrondse leër en die Mikolajczyk-regering was soos wat voorheen met die Sikorski-regimé die geval was nie. Sake van fundamentele belang soos byvoorbeeld die keuse van 'n geskikte datum vir die opstand of die verkryging en koördinering van steun van buite, is nie vooraf deur beide partye in oorleg met mekaar deeglik beplan en gereël nie. Die Poolse regering het ook nie vooraf vasgestel of Brittanje die opstandelinge te hulp sou kom en op watter wyse Brittanje hulle kon steun nie.

21. L. Woodward: *op cit*, Vol 3, p 203.
22. J. Ehrman, *op cit*, p 312. J. Ehrman is een van die groep outeurs aan wie opgedra is om Brittanje se amptelike- sowel as militêre dokumente te verwerk ten einde dit te boek te stel.
23. A.J.P. Taylor: *The World War II. An illustrated history*, (London, 1975), p 206.
24. B.H. Liddell Hart: *The Other Side of the Hill*, (London, 1973), p 466.
25. *Ibid*, p 339.

Hulle het net ter goedertrou aanvaar dat Brittanje hulle te hulp sou snel; 'n veronderstelling wat bloot berus het op openbare goedgesindheid en simpatie. Daar was tot so 'n mate op Brittanje se goedgesindheid gesteun dat alle reëlings in verband met die opstand in die hande van die bevelvoerder van die ondergrondse leër in Warskou gelaat is.

Op 31 Julie is vaagweg aan die Britse regering gesuggureer dat Pole 'n opstand in Warskou beplan het wat binne die volgende vier tot vyf dae sou plaasvind. In werklikheid het die opstand die volgende dag plaasgevind — 'n duidelike teken van die gebrek aan onderlinge samewerking. Sprekend hiervan is ook die afwesigheid uit London in die krisistyd van die twee vernaamste sleutelpersone in die Poolse regering, naamlik Mikolajczyk en Sosnkowski. Mikolajczyk het reeds op sy besoek na Moskou vertrek terwyl Sosnkowski op 'n besoek aan die Geallieerde magte in Italië was.

Hoewel Brittanje net soos Rusland verras was met die uitbreek van die opstand, het die Britse regering nie gehuiwer om die opstandelinge te steun nie. Op 4 Augustus gee Churchill dan ook aan Stalin te kenne dat Brittanje die opstand daadwerklik gaan steun met die hoop dat Rusland dieselfde weg sou volg.

In Stalin se antwoord op Churchill se telegram het hy nie die opstand sonder meer veroordeel nie maar net skepties opgemerk dat die berigte wat vanuit Warskou ontvang is, oordrewe was en dus nie as geloofwaardig beskou kon word nie. Berigte dat die ondergrondse leër afgesien van Vilna die hele Warskou verower het, was volgens hom onwaarskynlik aangesien die sogenaamde Poolse 'leër' net uit 'n paar afdelings bestaan het wat hulself verkeerdelik as divisies beskou het. Boonop het die Pole oor geen vliegtuie, tenks of artillerie beskik waarmee hulle die 1½ Duitse divisies wat in Warskou gestasioneer was, tot oorgawe kon dwing nie.

'n Terugblik op hierdie fase van Pole se geskiedenis wys sonder alle twyfel daarop dat Stalin se afsydigheid meegewerk het daartoe dat die Duitsers die situasie in Pole weer onder beheer kon kry — 'n toestand wat Rusland tot voordeel sou strek wanneer hy later Warskou binneval. Terwyl Stalin teenoor Brittanje voorgegee het dat hy die opstandelinge se suksesse betwyfel, belowe hy nogtans tydens samesprekings met Mikolajczyk om die opstand te steun.

Stalin se diplomatieke dobbelspel het voortgegaan. Ten spyte van alle verklarings en beloftes, is die Russiese opmars na Warskou twee dae na die aanvang van die opstand, plotseling tot stilstand gebring. 'By nightfall on the 1st most of the city was in the hands of its own people. But just as they were expecting the Russians to cross the river, and come to their help, they heard the sound of guns fading away, and were left to nurse their perplexity in the ominous silence'.[26]

Dat Rokossovsky se aanmars op hierdie kritieke stadium 'n terugslag beleef het — die Duitsers het berig dat hulle op 6 Augustus 'n Russiese pantsermag omsingel en uitgewis het[27] — mag waar wees, maar dit verklaar nog nie die Russiese weiering om die opstandelinge met langafstandartillerie te steun of om gevegsvliegtuie in die stryd te werp nie. In Brittanje het die plaaslike en Poolse regerings tot die slotsom gekom dat Rusland dit verwelkom het dat die Duitse magte die opstandelinge uitgewis het.[28]

## Stilte voor die storm

Daar die opstandelinge die Duitsers onverhoeds betrap het, kon die tuisleër daarin slaag om twee-derdes van Warskou en sy voorstede te beset. Kurt Heller — 'n Duitser van Stettin wat later gevange geneem is — het in sy Dagboek interessante mededelings oor die eerste paar dae na die opstand gemaak.

> *'1 August: Street fighting began this afternoon in Warsaw; 2 August: We've surrendered ...; 5 August: ... We've reached the limit of endurance; 6 August: ... Dinner was coffee with sugar. Death everywhere, but I want to live. Three men have committed suicide. 7 August: ...*

26. B.H. Liddel-Hart: *History of the Second World War*, (London, 1970), p 583.
27. L. Woodward: *op cit*, p 205.
28. *Ibid*, pp 202 - 3.

*The air smells bad. 8 August: Our position is three hundred metres away, but the bandits' resistance is still strong. 9 August: Food very short.'*[29]

Generaal Bor-Komoriwski het egter besef dat sy inisiële sukses nie van blywende aard was nie. Hy kon nie lank 'n offensief handhaaf nie en het gevolglik vanuit die staanspoor om verhoogde toevoer in voorrade en ammunisie gevra. Berigte van die Poolse suksesse is nou en dan saam met die Poolse kenwysie, dit was Chopin se Militêre Polonys, oor die *British Broadcasting Corporation* uitgesaai. Sodoende wou Bor-Komorowski die buiteland en veral Sowjet-Rusland op hoogte hou van die tuisleër se suksesse met die hoop dat sy berigte die Sowjet-magte sou aanspoor om tot die aanval oor te gaan aangesien die stad reeds grotendeels verower was. Dit was egter 'n onrealistiese droom wat nie Stalin se seënwense weggedra het nie ofskoon hy eers op 17 Augustus sy siening van die situasie geopenbaar het deur openlik te weier om die opstandelinge te steun.

Hierdie ommeswaai in sy beleid het Stalin toegeskryf aan die feit dat die 'ware feite' wat tot die opstand aanleiding gegee het, toe eers aan die lig gekom het.[30] Drie dae later het Russiese vliegtuie pamflette oor Warskou uitgestrooi waarin beloof is dat die stad spoedig verlos sou word en dat die leiers van die opstand daarna gearresteer en gestraf sou word. Dieselfde berigte is ook oor Radio Moskou — wat sedert die opstand stil was — herhaal. Radio Moskou het boonop generaal Bor-Komorowski as 'n krimineel voorgehou en die opstand as onverantwoordelik afgemaak Voortaan sou Stalin hom openlik van die opstand distansieer.

Sy optrede het die opstandelinge feitlik onbeskermd teen die Duitsers gelaat, wat na die aanvanklike neerlaag, met hernude ywer teen hulle in die stryd getree het. Heinrich Himmler — bevelvoerder van die berugte SS — is aangestel om persoonlik toe te sien dat die opstand onderdruk word. Versterkings in die vorm van vyf divisies wat haastig vir dié doel gemobiliseer is, tesame met die Herman Goëring Divisie — Duitsland se sterkste pantserdivisie — is uit Italië teruggetrek en tot Himmler se beskikking gestel.

Vanaf 10 Augustus het Himmler se magte feitlik ongesteurd 'n teeninsurgensieprogram in werking gestel. Aanvanklik het die Duitsers nie veel terrein gewen nie, maar hulle aanhoudende en ongehinderde spervuur het die plaaslike inwoners afgemaai. Baie geboue is in die proses vernietig en dit was nie altyd moontlik om diegene wat in die kelders skuiling gesoek het, te red nie.

Die spervuur gevolg deur tenkaanvalle het stelselmatig die stad in drie geïsoleerde sektore verdeel. 'n Pad is van oos na wes deur die stad gebaan wat die Duitse tenks in staat gestel het om planmatig die opstandelinge wat magteloos teen Duitse vuur- en pantseroorwig was, uit te wis.

**Geallieerde hulp aan vryheidsvegters**

Reeds voor die aanvang van die opstand, was voorrade per lug aan vryheidsvegters in state onder Duitse okkupasie gelewer. Die waarde van die groepe se sabotasie aanslae op die vyandelike oorlogspoging is reeds vroeg in die stryd besef sodat organisasies in Brittanje op die been gebring is om hulle werksaamhede te steun en te bevorder. Een van die organisasies wat daar deur die lig gesien het, was die *Special Operations Executive* met 'n ander organisasie, die *Special Air Service* om hom te steun in die praktiese uitvoering van sy taak.

Die optredes van die organisasies was aanvanklik beperk weens die hoë prioriteit wat aan ander fronte geheg was. Namate die Gealieerde magte begin het om die oorhand oor die Spilmoondhede te bekom, kon hierdie organisasies meer steun geniet. Meer eskaders is beskikbaar gestel wat hulle taak nie net vergemaklik het nie maar ook die omvang vergroot het. Veral die Geallieerde suksesse in die Middellandse See het hulle taak geweldig bevorder omdat die verowerde vliegvelde gebruik kon word. Sodoende is die vlugte asook die gevaar daaraan verbonde in 'n mate beperk. Daarby kon ook meer voorrade op gereelder poses gelewer word. Die eskaders wat op die wyse aan die organisasie toegesê was, was bekend as *Special Duty Squadrons.*

---

29. D. Flower en J. Reeves: *op cit*, p 393, vertaalde weergawe van die oorspronklike teks.
30. L. Woodward: *op cit*, p 209.

Hoewel lugbevoorrading aan die Poolse geheime leër een van hierdie eskaders se take was, was die uitvlugte deur verskeie knelpunte gekortwiek. Die belangrikste was seker die lang afstande wat afgelê moes word meestal oor vyandelike gebied wat berug was vir die doeltreffende vertonings van die Duitse nagvegtereskaders. Met die uitbreek van die osptand het hierdie vlugte toegeneem maar die aantal uitvlugte was te beperk om in die behoeftes van die opstandelinge te voorsien. Aangesien die *Special Duty Squadrons* reeds betrek was by die inval in die suide van Frankryk, is besluit om 'n taakmag uit eenhede wat nie so aktief betrokke was nie, saam te stel.

## Geallieerde lugmag in Italië

Gedurende die veldtog in Italië is die Gealieerde Lugmag geherorganiseer aangesien Brittanje en die Verenigde State van Amerika op 'n veel hegter grondslag saamgewerk het as wat vroeër die geval was. Gevolglik is die *Mediterranean Allied Air Forces* in Desember 1943 opgerig om alle aangeleenthede rakende die Geallieerde Lugmagorganisasie aan die Middellandse See te reël of te koördineer. Die *Mediterranean Allied Air Foce* het uit verskeie onderafdelings bestaan elk met 'n eie funksie. Een daarvan was die *Mediterranean Allied Tactical Air Force.*

Hierdie taktiese lugmageenheid het op sy beurt weer bestaan uit Britse en Amerikaanse swaarbomwerpeenhede te wete die 205 Groep *Royal Air Force* en 15 Lugmag van die Verenigde State. Eersgenoemde het bedags en laasgenoemde snags opgetree.

Hoewel hierdie taktiese eenheid 'n integrale deel van die oorkoepelende organisasie gevorm het, was sy optrede nie net tot Italië self beperk nie, maar het nou saamgehang met die ontplooiing van die grondmagte. Taktiese aanvalle — die begrip stem ooreen met die leër se beskouing van strategiese aanvalle — is gelewer op terreine waar noue steun of die vernietiging van vyandelike teikens agter die linies deur die leërowerhede verlang is. Met die oprigting van lugmagbasisse in Italië is taktiese aanvalle nie net in Italië self nie maar ook in Duitsland moontlik gemaak. Teen middel 1944 was die oorgrote meerderheid taktiese aanvalle op die Duitse kommunikasienetwerk gerig.

## Die Warskou lugbrug

General Bor-Komorowski se versoek om Geallieerde hulp vir die opstandbeweging het aanvanklik min positiewe resultate opgelewer. Stalin wat in staat was om lug tot grond taktiese aanvalle teen die Poolse stede Krakau en Lodz asook die aanliggende vyandelike vliegvelde om Warskou te loods, het geweier om hom te laat betrek.

Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat die Geallieerdes sonder die samewerking van Sowjet-Rusland miskien instaat was om aan slegs die laaste versoek, te wete bevoorrading, te voldoen. Sir John Slessor is gelas om die moontlikheid te ondersoek. Die gedagte was naamlik om voorrade vanaf Geallieerde basisse in Italië na Warskou te vervoer om dit dan oor die stad neer te laat.

Slessor het bevind dat so 'n skema onprakties was. Winter was reeds aan die kom met toestande wat lugsendings kon belemmer of selfs verhoed. Daarby sou die vlug gedeeltelik in daglig moes geskied met die gevolg dat hulle maklik deur vyandelike elemente opgespoor kon word. Die feit dat dit op daardie stadium volmaan was, sou ook die uitvoering van so 'n opdrag nog verder bemoeilik. Ten slotte het hy voorspel dat groot verliese gelei sou word en dat baie voorrade in die proses in vyandelike hande sou val. Gevolglik het hy aanbeveel dat druk op Rusland uitgeoefen moes word om die opstand te steun; ook vanweë die feit dat Geallieerde vliegtuie reeds linksgesindes in Florence en in Tjeggoslowakye van wapentuig en voorrade voorsien in hulle stryd teen die Duitsers.

Stalin het egter steeds geweier om te help. Gevolglik moes die Geallieerdes sonder Russiese hulp besluit of hulle die Poolse opstand gaan steun òf toesien hoe Duitsland Warskou letterlik in 'n bloedbad omskep.[31]

Aangesien planne vir die inval in Frankryk reeds ver gevorder was, is besluit om die taak aan 2 Vleuel Suid-Afrikaanse Lugmag verbonde aan 205 Groep en 334 Vleuel *Royal*

31. J. Ehrmann: *op cit*, Vol 5, p 375.

*Air Force* wat deel van die Balkanlugmag[32] gevorm het, op te dra. Eersgenoemde het 31 Eskader. Suid-Afrikaanse Lugmag en laasgenoemde 148 Eskader *Royal Air Force* beskikbaar gestel. Hierdie twee eskaders sou saam met No 1586 (Poolse) Vlug wat ook een van die *Special Duty Squadrons* was, die lugbevoorrading aan Warskou behartig.

**31 Eskader, SALM**

Pas 'n uur nadat 31 Eskader van 2 Vleuel Suid-Afrikaanse Lugmag op 13 Augustus beveel is om die hawe by Genoa aan te val, is die opdrag gekanselleer en die eskader aangesê om tien Liberators in gereedheid te bring om na Brindisi te vertrek vir 'n uitvlug na Warskou. Geen verdere besonderhede aangaande die vlug is verstrek behalwe dat die operasie 'n baie hoë prioriteit geniet aangesien Churchill self, dit gelas het.

**Die vlug na Warskou**

By die eskader se aankoms by 205 Groep se hoofkwartier in Brindisi is verwag dat meer besonderhede aangaande die vlug aan die betrokke bemanningslede meegedeel sou word. Tot hulle teleurstelling was dit egter nie die geval omdat 205 Groep se hoofkwartier net so in die duister gelaat is oor die hele aangeleentheid. In die lig van wat plaaslik bekend was oor toestande aan die oosfront, is die opdrag as vreemd beskou: Stalin het op daardie stadium nog voorgegee dat hy die opstandelinge gesteun het. Daar is derhalwe vry algemeen gegis oor die rede vir lugbevoorrading vanuit Italië terwyl Russiese magte feitlik by Warskou was! Een van die aanwesiges het tereg opgemerk dat die bykans onmoontlike taak wat aan hulle opgedra is, met minder inspanning deur die Russiese magte uitgevoer kon word, want 'the Russians could almost have supplied by bicycle'.

Onderwyl die bemanningslede hulle van hul instruksies vergewis het, is hulle vliegtuie in gereedheid vir die lang tog gebring. Twaalf waterdigte metaalhouers wat ongeveer 150 kg elk geweeg het en ongeveer 2,45 m lank was, is in elke vliegtuig geplaas. Indien die twintig vliegtuie wat die vlug meegemaak het, Warskou bereik en boonop daarin slaag om hulle voorrade op die teikengebiede neer te laat, sou die opstandelinge oneveer 1 800 kg voorrade op dié wyse ontvang het.

Om die voorraad by hulle bestemming te lewer, was egter 'n probleem. Die vlieëniers moes 'n vlugafstand van ongeveer 2 815 km aflê, meestal oor vyandelike gebied; 'n vlug wat atussen tien en elf ure sou duur.[33] Daarby sou 'n groot gedeelte van die vlug in helder daglig moes geskiet terwyl volmaannagte die gevaar verbonde aan die vlug verder verhoog het. Vyandelike vliegtuie en lugafweerartillerie sou dus maklik hul teikens vind.

Die opdrag het ook nie gestrook met die algemene prosedure wat gevolg is tydens die lewer van voorrade aan versetbewegings in vyandelike gebiede nie. Die algemene gebruik was dat die roete vooraf noukeurig beplan is met inagneming van vyandelike lugafweerontplooiing en teikengebiede bekend vir vegvliegtuie. Gewoonlik was die roete ook relatief kort om geleenthede vir onderskepping te voorkom.

Wat die lugvoorsieningstroke self betref, was hulle gewoonlik met fakkelbane uitgemerk. Groot fakkelvure wat ongeveer 9 meter uitmekaar geleë was, is by die vliegtuie se aankoms aangesteek om die teiken af te baken. Indien die gevaar van vyandelike oorvlugte oor die lugvoorsieningstroke bestaan het, is die vure eers aangesteek nadat die vlieënier 'n kodeletter geflits het om homself te identifiseer.

Indien ooreengekom is dat die vure reeds by die vragvliegtuie se aankoms brand, flits die vlieënier ook 'n kodeletter waarop die grondmagte reageer met seine. Hierna is die voorrade neergelaat. Daarna flits die vlieënier 'n verdere kodeletter om die grondmagte daarvan te verwittig dat hy sy taak voltooi het, sodat hulle die houers vinnig kon insamel. Hierna flits hulle aan die vliegtuig of hulle die houers ontvang het al dan nie. Die prosedure

---

32. Weens die suksesse van die Geallieerde magte was hulle in staat om lugmagbasisse rondom die Middellandse See op te rig om sodoende voorrade makliker aan onder andere die verskeie versetbewegings in die Balkan te lewer. Hierdie verwikkelinge het so in omvang toegeneem dat die Balkanlugmag opgerig is om daarna om te sien.
33. Weens die geweldige eise verbonde aan hierdie uitvlugte, was bemanningslede genoodsaak om 'n stimulant, Benzedrine, tydens operasies te gebruik en Secondal by hulle tuiskoms om eersgenoemde se werking te neutraliseer.

het die vlieëniers in staat gestel om kort na die afloop van so 'n lugvoorsiening te rapporteer in welke mate hulle sending suksesvol was of nie. Namate die aantal vliegtuie wat soortgelyke sendings meegemaak het, toegeneem het, is elke aflaaiproses deeglik beplan om botsinge asook die besering van die grondpersoneel te voorkom.

Wat die wyse van lewering betref, is gevind dat die veiligste manier was om vanaf 'n redelike lae hoogte teen 'n redelike lae snelheid die metaalhouers (gewoonlik twaalf in die geval van 'n Liberator) een na die ander oor die lugvoorsieningstroke af te gooi. Indien die houers gelyktydig afgegooi is, het hulle teen mekaar gestamp en in die proses het hulle valskerms óf geskeur óf losgegaan. Dieselfde sou gebeur indien hulle nie op 'n hoogte van tussen 200 tot 300 meter bokant die teiken teen 'n spoed van ongeveer 250 km per uur, die houers neerlaat nie. Omdat enige vliegtuig wat so laag vlieg 'n maklike skyf is, was dit noodsaaklik dat lugvoorsieningstroke met die grootste omsigtigheid uitgesoek moes word. Verder, selfs al was die sig uitstekend, was die bemanningslede nog steeds blootgestel aan gevare verbonde aan lae vlugte oor onbekende gebied.

Hierdie standard prosedures moes egter vir die Warskou-vlugte aangepas word.

## Roete

Die eerste vlugroete het vanaf Brindisi oor die Adriatiese see na Joegoeslawië, Hongarye en die oostelike dele van Tjeggoslowakye gestrek tot by die Karpatiese bergreeks. In Pole moes die vlieëniers hoogte van 4 500 tot 2 400 meter verminder om die Vistularivier, wat noordoos van Krakau gevloei het, te identifiseer. Van hierdie punt af was die rivier hulle enigste rigsnoer tot by Warskou.

Op die wyse het hulle die stad vanuit die noord-ooste genader. Om hulle in staat te stel om die lugvoorsieningstroke te midde van 'n brandende stad en 'n menigte soekligte vind, moes hulle steeds oor die stad bokant die Vistularivier vlieg, die vier brûe oor die rivier identifiseer om dan na die laaste brug, na wes te swenk. Na 'n vlug van twee minute moes hulle die Krasinskiplein bereik wat as lugvoorsieningstrook sou dien.

Soos in die geval van vorige sendings, sou die sone met 'n wit fakkelbaan en die flits van rooi seinlampe aangedui wees. Om te verseker dat die baan korrek geïdentifiseer word en ook om te verhoed dat die valskerms aan die houers nie skeur nie, moes die vlieëniers slegs 152 meter bo-kant die stad vlieg teen 'n spoed van ongeveer 225 km per uur. Dit sou meebring dat die vliegtuig met klappe af en wiele uit moes vlieg om hulle spoed doeltreffend te verminder. Die vliegtuie sou dan teen 'n slakkepas binne die trefafstand van selfs masjiengewere, die voorrade lewer — voorwaar 'n onbenydenswaardige posisie!

Op 19.30 uur het die taakvlug vanaf Brindisi op die lang vlug na Warskou vertrek. Met winter op hande, is swak weersomstandighede ondervind. Dik wolkbanke asook elektriese storms is teengekom sodat kaptein F.C. Serfontein van 31 Eskader genoodsaak was om om te draai nadat hy reeds oor die Karpatiese bergreeks gevlieg het. Later was majoor Urry genoodsaak om sy voorbeeld te volg omdat die swak weerstoestande radiokontak belemmer het.

Net voor middernag het die res van die vlug Warskou bereik. Reeds op 'n afstand van 45 km was die brandende stad sigbaar. Menigvuldige geboue was aan die brand. Namate hulle nader aan die stad beweeg het, is 'n swaar rookwolk, wat dele van die stad omhul het, waargeneem. Die vliegtuie het spoed verminder tot dat hulle ongeveer 140 km per uur oor die stad beweeg het op 'n hoogte van ongeveer 150 meter. Die stadige, groot vragvliegtuie was duidelik sigbaar in die lig wat die brandende geboue uitgestraal het; dus maklike skywe vir vyandelike geskut. Hoewel voorheen berig is dat die Duitsers in Warskou nie oor lugafweergeskut beskik het nie, het die eskader heftige teenstand ondervind. Daarby het 'n menigte soekligte die vliëniers verblind en dit vir sommige onmoontlik gemaak om hulle bevoorradingstroke te onderskei. Ander het wel daarin geslaag om die vier brûe waar te neem, links te swenk in die rigting van aflaaisone en om die kerktoring te herken, wat 'n aanduiding van die ligging van die Krasinskiplein was. By laasgenoemde baken het wit ligte in 'n diamantvormige baan die landingstrook aangedui terwyl 'n flitsende rooi lig die kodeletter 'T' vir identifikasiedoeleindes gesein het.

Tussen 0007 en 0103 uur is 106 houers oor dié teiken afgelaai, voordat die lang terugtog begin het. Net soos met die heenvlug, het die moontlikheid van Duitse reaksie teen die sending op die terugtog ook benoude en spanningvolle ure aan die bemanningslede besorg.

Slegs drie vliegtuie — onder andere dié van luitenante W. Norval en R.R. Klette van 31 Eskader, het nie teruggekeer nie. Ten spyte van hierdie verliese was hierdie eerste operasie na Warskou die geslaagste. Daartydens is die minste verliese gely terwyl 'n relatiewe groot aantal voorrade die opstandelinge bereik het. Dit het laasgenoemde se moreel verhoog en hulle in staat gestel om meer effektief teen die Duitse besettingsmag op te tree.

Reeds die volgende dag is vanuit Warskou berig, dat die voorrade die ondergrondse leër in daardie sektor in staat gestel het, om tot by die noordelike punt van die mark in die ou stad, uit te brei. Dit het aansienlik wins in grondgebied beteken. Op daardie stadium het die Duitsers egter al daarin geslaag om die drie sektore waarin die opstandelinge in die stad onderling verdeel was, só doeltreffend te isoleer dat die voorrade nie vanaf sektor B sektore A of C kon bereik nie. In telegramme wat reeds die volgende dag ontvang is, het die opstandelinge hulle dankbaarheid betuig maar ook gepleit dat voorrade aan die ander twee sektore gelewer word.

**14/15 Augustus: 'n nagmerrie**

Na afloop van hulle suksesvolle missie is 31 Eskader op 14 Augustus daarvan verwittig dat hulle voortaan vir 'n onbepaalde periode voorrade aan die opstandelinge sou lewer. In 'n poging om die rit effens te verkort, is beveel dat die eskader vanaf sy eie vliegveld op die sending kon vertrek. Reeds voordat hierdie aankondiging kolonel J.A. Williams, bevelvoerder van 31 Eskader bereik het, is die nodige voorrade asook 'n aantal Poolse skakeloffisiere tesame met 2de luitenant Molontski na Celone gestuur. Hierdie offisiere was almal lede van die Balkanlugmag onder wie se beheer die Warskou-operasies gestaan het en wat ook vir die lewering van voorrade aan die betrokke eskaders verantwoordelik was. Die skakeloffisiere was bloot om administratiewe redes na Celone gestuur terwyl luitenant Molonotski as inligtingsoffisier sou optree om die bemanningslede op hoogte van sake te hou.

Tydens die voorligtingsperiode voor die aanvang van die tweede sending, is die opstandsbeweging geskets asook die benarde situasie waarin die opstandelinge hulle bevind het. Oor Rusland se ooglopende afwesigheid van steun was geen feite beskikbaar nie. Weer eens is hulle egter verseker dat Churchill self die opdrag vir die sending uitgereik het. Daarna is die roete, wat effens verskil het van dié van die vorige nag, aan hulle bekend gemaak, Hulle sou vanaf Celone oor Foggia na die Adriatiese see vlieg. Daarna moes hulle oor Scutarinmeer in Albanië vlieg, noordwaarts oor Joegoeslawië, oor die Donourivier na Hongarye en Tjeggoslowakye en die Karpatiese bergreeks oorsteek vir die laaste skof na Warskou. Die eskader sou Warskou weer van uit die noordooste nader. Ofskoon Stalin amptelik toestemming geweier het vir Geallieerde vlugte oor gebied wat Rusland beheer het, is daar tog besluit om nogtans uit die noordooste in te gaan om sodoende verdedigingstellings te ontduik.

Intussen is die sewe vliegtuie wat vir die sending getaak is in alle haas in gereedheid gebring. Naas arbeid aan die enjins moes die talle koeëlgate wat tydens die vorige vlugte opgedoen is, behoorlik verseël word. Een van die loodse het tereg die vliegtuie as volg geskets: ' ... *The crews returned in aircraft holed like sieves. Even their parachutes were shot to pieces that they would be useless if needed ...*'[34] Waar onderhoudsprobleme tydens vorige vlugte ondervind was om die nodige vliegtuie in gereedheid te bring, sou die eskader se verdere eskapades nóú eers hoë eise aan die grondpersoneel stel.

Om 1930 uur het die vliegtuie vertrek op die tweede grootskaalse bevoorraad sending na Warskou. Waar die betrokke Suid-Afrikaanse eskader en ander eskaders die vorige aand in staat was om 28 vliegtuie vir die operasie te mobiliseer, sou slegs 'n totaal van net sesen-twintig die vlug meemaak.

---

34. J. Garlinski: *op cit*, p 192.

Die vorige operasie het die Duitsers op hulle hoede gestel en gevolglik was dit spoedig duidelik dat die vragvliegtuie ingewag is. Heftige teenstand is veral noord van Krakau ondervind. Die Duitsers wou deur 'n gekonsentreerde lugafweerpoging soveel vliegtuie moontlik verhinder om Warskou te bereik. In die proses is nie net baie vliegtuie afgeskiet nie, maar bemanningslede is ook gedood of gewond; 'n faktor wat die taak van die orige bemanningslede geweldig bemoeilik het.

In Warskou self is intense weerstand ondervind. Soekligte was al langs die Vistularivier geplaas om die taak van lugafweergeskut te vergemaklik. Luitenant J. Colman, navigator van kaptein F.C. Serfontein, het hulle dramatiese vlug oor Warskou soos volg geskets: *'We raced through clouds of smoke, our nostrils filled with the smell of destruction. The river banks were so low, they appeared to be touching our wings. Ahead were searchlights, gun flashes and fires. We approached them recklessly. We had topped the highpoint of nervous tension and reached a haven of insensibility. We could feel no more. Now we were over the city. Every building seemed to be alight. I felt I was flying over a furnace. On the banks were flashing lights. Things flashed past with confusing rapidity. I was looking for the first bridge.'*[35] Volgens kaptein F.C. Serfontein het hy die volgende ervaar nadat hulle links oor die vierde brug geswenk het: *'I had to wait two minutes after the turn. We were flying with agonizing slowness and the hands of my watch moved with terrible deliberation. Then it was time and from sheer force of habit, I shouted: "Bombs away". Then the throttles opened with a triumphant surge of power and we climbed away. Behind us a Liberator plunged to the ground. Another being helpless in the searchlights, a small red flame flared from one engine, spread and engulfed the fusilage. The aircraft turned over, shuddered in its death agonies, and crashed in a cascade of spark and flame.'*[36]

Op die terugtog is nog hewiger spervuur ondervind as vroeër die aand. Meer vyandelike vegvliegtuie het hulle opwagting gemaak en op die oorblewendes toegeslaan. Altesame agt vliegtuie het tydens dié operasie in die slag gebly.

Verder het die Duitsers Warskou se verdedigingswerke sodanig verbeter dat net twaalf vliegtuie op die beplande lugvoorsieningstroke — sektore A en B — hulle voorrade neergelaat het.

Gedurende hierdie twee uitvlugte het die Suid-Afrikaanse eskader die verlies van vyf vliegtuie aangeteken. Dit was 'n harde slag vir die eskader. Dit het ook die taak van die oorblywende bemanningslede bemoeilik. Personeel sou voortaan nie meer afgewissel kon word nie maar sou elke rit moes meemaak. Ten spyte daarvan kon die waarnemende bevelvoerder, majoor C.M. Smuts, steeds getuig van die hoë moreel wat onder sy manne te bespeur was.

Na afloop van die tweede sending was dit duidelik dat sir John Slessor se inisiële waardering van die operasies juis was. Die Pole in Warskou het ook terdeë besef dat die operasies die Geallieerdes duur te staan kom. Hulle was egter só afhanklik daarvan dat hulle vertoë gerig het om uitbreiding van die lugvoorsieningoperasies omdat die Duitsers besig was om effektiewe teenmaatreëls te neem en sodoende daarin slaag om te verhoed dat die oorgrote meerderheid van gelewerde voorrade hulle bestemming bereik. Gevolglik het hulle die Geallieerdes versoek om sekere Duitse verdedigingswerke te bombardeer. Die teikens was die Kierbedzbrug, die 'Citadel', die Gdansk-spoorwegstasie, die Pausakgevangenis, Bemfort en die Instituut vir psigiese kultuur. Die suksesvolle bombardering van hierdie teikens sou die sendings nie net beveilig nie maar ook terselfdertyd die opstandbeweging fisies steun.

Intussen was lewensomstandighede in Warskou haglik. Om te voorkom dat die opstand onderdruk word, het generaal Bor-Komorowski alle eenhede verbonde aan die ondergrondse leër, beveel om na Warskou op te ruk. Duitse teeninsurgensiemaatreëls was egter so doeltreffend dat die stad feitlik heeltemal geïsoleer was en dit dus nie vir hierdie groepe moontlik was om as versterkings aan te sluit nie. Gevolglik kon die Duitsers feitlik ongehinderd voortgaan om die opstand uit te wis. Berigte soos hierdie telegram gerig aan die Pous skets die ellende waarin die stad gedompel was. ' ... For three weeks

35. I. Isemonger: *Target Warsaw*, p 96.
36. *Ibid.*

while defending our fortress, we have lacked food and medicine. Warsaw is in ruins. The Germans are killing the wounded in hospitals. They are making women and children march in front of them in order to protect their tanks. There is no exaggeration in reports of children who are fighting and destroying the tanks with bottles of petrol.'[37]

## Taktiek in die weegskaal

Op 15 Augustus is 31 Eskader en 178 Eskader van 334 Vleuel, *Royal Air Force* soos tydens vorige grootskaalse uitvlugte, aangesê om hulle Liberators in gereedheid te bring. Kort daarna is egter berig ontvang dat net 178 Eskader *Royal Air Force* op die sending gestuur sou word. Daarna sou 178 en 31 Eskaders op alternatiewe nagte en nie meer gesamentlik nie, opereer.

Voorrade sou ook nie meer aan die stad self gelewer word nie, maar in die Warskou-Lodz area, waar 'n reserwe divisie van die geheime leër in 'n woud verskuil was. Die woud was ongeveer 10 km wes van Warskou en net noord van die spoorlyn wat die stad deurkruis het, geleë. Die divisie het twee alternatiewe lugbevoorradingstroke afgebaken wat ook met 'n grond-tot-lug herkenningsisteem aangedui word wanneer die vliegtuie die aflaaisone nader.

Nadat die vliegtuie 'n kodeletter geflits het, sou elektriese flitsligte wat die letter 'T' spel, aangeskakel word, met die stertpunt van die 'T' in die rigting van Warskou. Die middelpunt van die bevoorradingstrook sou met rooi ligte aangedui wees. Nadat die vrag neergelaat is, moes die vliegtuig om die sone sirkel en die letter 'K' flits om vas te stel of die voorrade ontvang is, al dan nie. Indien die sending suksesvol was sou '20 B' of 'B 20' geflits word en 'L 20' of '20 L' indien dit nie die geval was nie.

Soos voorsien is, het hierdie verandering van aflaaisone die Duitsers tydelik geflous. Gevolgik het 178 Eskader daarin geslaag om sonder veel vyandelike inmenging hulle voorrade te lewer. Dié gunstige situasie sou egter nie onbepaald voortduur nie. Die volgende aand het Duitse vegeskaders die Suid-Afrikaanse eskader bokant die woud ingewag. Sommige het ligbomme op die teikens gewerp om dit te verlig vir die uitvoering van verdere teeninsurgensiemaatreëls terwyl die res op die Liberators self toegeslaan het. Duitse leëreenhede, wat op die stadium dele van die woud beset het, het verder probeer om die lewering van voorrade in die wiele te ry deur seine te flits wat daarop gemik was om die Geallieerde vlieëniers te verwar met die hoop dat hulle op 'n verkeerde sone van hulle houers ontslae sou raak.

Die eskader se verliese gedurende die operasies wat oor vier aande versprei was, het na afloop van die operasie op agt vliegtuie te staan gekom. Die Geallieerde magte kon nie sulke verliese bekostig nie en gevolglik het sir John Slessor opdrag gegee dat die Warskou-operasies afgelas word. Protes teen sy besluit was egter so hewig dat hy toegegee het maar 1586 (Poolse) Vlug sou voortaan verdere operasies op 'n veel kleiner skaal uitvoer. Baie van hulle pogings sou boonop deur slegte weer in die wiele gery word.

## Verposing

Nadat 31 Eskader onttrek is van die strategiese belangrike Warskou-operasies, is hulle teen taktiese doelwitte aangewend. Teikens was gewoonlik beplan op die ontwrigting van vyandelike verbindingslyne in Noord-Italië. Weens vorige verliese kon die eskader aanvanklik slegs twee maar — later ses — vliegtuie per operasie beskikbaar stel.

Teen alle verwagtings in, is die eskader skaars twee weke later weer by die Warskou dekabel betrek. Dié keer is die bemanning verseker dat uitvoering van die opdrag nie so gevaarlik sou wees nie aangesien die valskerms wat aan die houers geheg is, sodanig gewysig is, dat dit met die regulering van 'n vertragingsmeganisme nie onmiddellik sou ontvou nadat dit die vliegtuig verlaat het nie. Die voordeel hieraan verbonde was dat houers op 'n hoogte van 3 350 meter neergelaat kon word en nog ongeskonde die opstandelinge bereik.

---

37. W.S. Churchill: *The Second World War. Vol 6. Triumph and Tragedy* (London, 1956).

Weens die naderende winter is operasies aanvanklik deur ongure weersomstandighede verhinder. Gevolglik kon 'n grootskaalse bevoorradingspoging aan die Pole eers gedurende die nag van 10/11 September geloods word. Soos tydens vorige operasies kon Poolse skakeloffisiere nie veel aangaande die toestand in en om Warskou meedeel nie. Wat wel berig is, is die feit dat Rusland nie meer so ongenaakbaar teenoor die opstandelinge was nie. Hoewel eenhede in die stad nog steeds moedig weerstand gebied het, het die uitbreek van epidemies, asook voedsel en ammunisie tekorte hulle taak bemoeilik en hulle genoodsaak om die ouer gedeeltes van Warskou, wat deel gevorm het van sektor B, te ontruim. Dit was dus duidelik dat dit vir die elemente van die geheime leër, wat buitekand Warskou in die woud geskuil het, onmoontlik was om die stad te bereik. Gevolglik is die Suid-Afrikaanse Eskaders getaak om voorrade aan die geïsoleerde sektore in Warskou sowel as aan leëreenhede in die woud te lewer.

**Die voorlaaste vlug: 10/11 September**

Beide 31 en 34 Eskaders van 2 Vleuel het saam met ander eenhede die operasie onderneem. Elkeen moes vier vliegtuie vir die uitvlug in gereedheid bring, maar weens tegniese probleme kon 34 Eskader net drie lewer.

Met die naderende winter het weersomstandighede vlugte na Warskou meer problematies gemaak. Ongure weer, gepaard met ysige temperature, is veral noord van die Karpatiese bergreeks en tot by Warskou ondervind. Oor Warskou het digte wolke alle fakkelbane verberg. Gevolglik was die vlieëniers genoodsaak om laer as die beplande 3 350 meter te daal ten einde die lugvoorsieningstroke te identifiseer.

Slegs nege vliegtuie van die taakmag het daarin geslaag om hulle voorrade suksesvol oor lugbevoorradingstroke neer te laat. Hierdie swak resultate was 'n verdere klinklare bewys van die onuitvoerbaarheid van die taak. Waar soortgelyke operasies vroeër ten spyte van mislukkings nogtans gelas is, het die naderende winter met sy verslegtende weersomstandighede dit steeds moeiliker gemaak. Daar is besef dat slegs 'n grootskaalse sending vanaf basisse in Brittanje na Warskou, moontlik die opstandelinge se enigste uitredding sou wees.

Om so 'n operasie van stapel te stuur, moes Rusland se samewerking eers bekom word. Daarna moes die operasie in oorleg met laasgenoemde beplan word omdat die bomwerpers op vliegvelde wat deur Rusland beheer was, moes land om brandstof in te neem vir die terugreis.

**'n Brits-Poolse lugbrug?**

Teen September 1944 was Rusland se houding besig om te verander, deels as gevolg van die feit dat beide Amerika en Brittanje Stalin aanhoudend versoek het om die opstandelinge te steun. Hierdie pleidooie is nooit verslap nie. Telkemale het hulle Stalin ook tereg daarop gewys dat Rusland ná die oorlog veroordeel kon word, as gevolg van sy gebrek aan belangstelling in die lot van Pole. Rusland kon daarvan beskuldig word dat hy oogluikend toegelaat het dat die opstandelinge uitgewis word omrede die opstandelinge anti-kommunisties gesind was.

Gevolglik verleen Stalin vroeg in September 1944 toestemming vir die uitvoer van 'n grootskaalse operasie wat helder oordag sou geskied. Ongure weer het die operasie tot op 18 September vertraag toe die 8ste Amerikaanse Lugmag 110 swaar bomwerpers met voorrade vanaf Brittanje (East Anglia) na Warskou gestuur het om die opstand te steun. Berigte van die uitvoering van die operasie is ter elfde ure in Italië ontvang nadat 'n Suid-Afrikaanse taakvlug reeds onderweg na Warskou was.

Sedert 2 Vleuel Suid-Afrikaanse Lugmag se sending tydens die nag van 10/11 September, is soortgelyke operasies in die wiele gery deur slegte weersomstandighede. Op 12 September is die voorrade afgelaai en die vliegtuie vir operasies teen die Atheense lughawe aangewend. Op 16 September is die Vleuel gewaarsku om die volgende paar dae gereed te wees vir moontlike sendings na Warskou. Weer eens sou weersomstandighede beplanning in die wiele ry. Gevolglik is eers op 18 September opdrag gegee — en wel aan 34 Eskader — om die operasievlug te onderneem. Berigte van bogenoemde grootskaalse

dagligoperasie bereik Italië egter eers nadat die vier vliegtuie reeds die Joegoeslawiese kus bereik het. Weens die suksesvolle uitvoering van die Amerikaanse poging is hulle teruggeroep omdat die sending as onnodig beskou was.

Die verwagting dat 'n suksesvolle dagligoperasie toekomstige sendings vanaf Italië na Warskou op die langebaan geplaas het, is nie verwesenlik nie. Slegs 30% van die voorrade[38] wat deur die Amerikaners afgegooi is, het in Poolse hande geval en dus net tydelik verligting gebring het. Gevolglik is 'n verdere soortgelyke operasie bepleit asook die voortsetting van uitvlugte vanaf Italië. Grootskaalse dagligoperasies was egter van gunstige weersomstandighede en veral die noue samewerking tussen die Russiese en Amerikaanse lugmaghoofde afhanklik maar na afloop van die eerste poging, was Rusland nie te vinde vir 'n herhaling daarvan nie. Boonop het verslegtende weersomstandighede dit feitlik onmoontlik gemaak, sodat vlugte vanaf Italië weer eens die opstandelinge se enigste uitkoms was. Ook hierdie sendings sou deur ongure weersomstandighede gedwarsboom word.

**Lugbevoorrading 'n fiasko**

Hoewel die betrokke eskaders verwag het dat hulle na 18 September nie gou weer by Warskou-operasies betrek sou word nie, is hulle spoedig ontnugter. Op 21 September is die twee Suid-Afrikaanse Lugmag eskaders beveel om vyf van die beoogde vlug van twaalf vliegtuie vir 'n sending na Warskou te verskaf. Soos vantevore sou die voorrade oor 'n woud sowat 16 km wes van Warskou afgegooi word. Informasie ingewin wou dat twee divisies van die ondergrondse leër bestaande uit tussen 10 en 15 000 man, hier gestasioneer was, en van voorrade en wapentuig voorsien moes word.

Hierdie operasie was seker die mees onsuksesvolle uitvlug wat onderneem is. Sewe van die twaalf vliegtuie het met onverrigter sake teruggekeer. Oor die woud aangekom, het talle seine hulle begroet en verwar en die identifikasie van lugbevoorradingstroke bemoeilik. Die bemanning het ook gevind dat op 'n hoogte van 3 350 meter, die gebruik van wit fakkelbane onbevredigend was. By hulle terugkoms is daar ook vasgestel dat gekleurde ligte meer effektief vir die doel is.[39]

**Die Duitsers seëvier**

Intussen het die steeds verslegtende situasie in Warskou sulke afmetings aangeneem dat generaal Bor-Komorowski op 28 September sy regering meegedeel het dat hy geforseer was om oor te gee. Hongersnood was aan die orde van die dag en ammunisie tekorte het verdere weerstand bowendien onmoontlik gemaak. Na onderhandelings met die Duitsers het hy op 4 Oktober[40] aan die Poolse regering in Londen berig dat hy en sy staf om twaalfuur die volgende dag hulself aan die Duitsers gaan oorgee.



*'n Verwoeste Warskou na afloop van die opstand.*

38. J. Ehrman: *op cit*, p 376.
39. 'n Moontlike verklaring vir die vlieëniers se onvermoë om die drie lugbevoorradingstroke te onderskei, is die feit dat die divisies se flitslampe nie helder gelig het nie omdat hulle bevrees was om die aandag van die Duitse eenhede wat in die woud was, op hulle te vestig.
40. J. Ehrman: *op cit*, p 221.

Daarmee is die Poolse opstand in Warskou geëindig. Die argitekte van die opstand het aanvanklik gereken dat dit net 'n week sou duur; na drie-en-sestig dae van veg teen 'n Duitse oormag en sonder kommissariaat-voorsiening is die stryd eers beëindig. In die proses het ongeveer 200 000 van die stad se inwoners — insluitende 15 000 man van die ondergrondse leër — die lewe gelaat en die stad van Warskou is feitlik totaal vernietig.

Drie maande later toe Russiese magte Warskou binneval, het hulle weinig meer in die stad aangetref as tonele van verwoesting en onbegraafde opstandeling-ongevalle. Van weerstand bied teen Pole se nuwe heersers was daar dus geen sprake.

Die opstand was egter nie sonder betekenis vir die Geallieerdes se oorlogspoging nie. In die proses is nagenoeg 10 000 Duitsers gedood, 9 000 beseer en 7 000 vermis — getalle wat op dié stadium van die stryd nie deur die Duitse bevelhebbers negeer kon word nie. Naas die verlies in mannekrag en voorrade wat elders aangewend kon word het die opstand — gesien teen die agtergrond van die snelle Russiese opmars — Duitse aandag aanvanklik tot die ooste beperk. Van daar die aanvanklike suksesse vir Montgomery se inval van uit die suide om 'Operation Market Garden' [41] van stapel te stuur in 'n poging om die afloop vn die Tweede Wêreldoorlog te verhaas.

Wat die betrokke Geallieerde eskaders se aandeel betref, is hulle geprys vir die moed, durf en pligsgetrouheid wat hulle aan die dag gelê het. Kaptein W.E. Senn en luitenant N. Sleed het elk 'n *Distinguished Flying Cross*' ontvang — die eerstes wat aan 31 Eskader toegeken is. Naas hierdie toekennings is die betrokke eskader ook geloof vir hulle optrede. Na afloop van die uitvlugte na Warskou, is hulle persoonlik deur Sir John Slessor bedank vir hulle onverskrokke uitvlugte wat die opstandelinge in staat gestel het om drie-en-sestig dae teen 'n geweldige oormag, weerstand te bied. Ten spyte van die feit dat die opstand onsuksesvol was, het die operasies, volgens sir John Slessor, 'n groot bydrae gelewer wat politieke verhoudinge na die oorlog tot voordeel sou strek.

---

41. Vir 'n breedvoerige uiteensetting van die betrokke operasie kan C. Ryan: *A bridge too far* geraadpleeg word.